

## Maandag 15 Junie:

Hier is die antwoorde van die werk van week 8 - 12 Junie. Merk jou werk van verlede week aan die hand van die aangehegte memoranda (bl. 1 en 2). As jy 'n fout gemaak het, skryf die regte antwoord by!

### Memorandum: Visuele Begripstoets - Spotprent

1. Beskryf wat jy in die voorgrond van die prent sien.

Daar is 'n kombuiskassie, 'n yskas met oop deur en 'n man en worshondjie.

2. Wat is in die middelgrond?

Daar is 'n ry kombuiskaste met 'n wasbak vol skottelgoed, 'n stoof met 'n pot wat kook en 'n vrou voor die stoof.

3. Wat is op die agtergrond?

Daar is 'n geteëlde muur, venster met gordyne en deur die venster kan mens boomtakke sien.

4. Waarmee is die vrou besig? Noem drie goed.

Sy is besig om skottelgoed te was, kos te kook en op haar selfoon te praat.

5. Wat sê haar gesigsuitdrukking vir jou?

Sy lyk maar min beïndruk met haar man en keur nie sy gedrag goed nie

6. En die worshondjie s'n?

Hy sit grootoog regop vol verwagting en hoop hy gaan ook iets te ete kry./

Hy is duidelik baie lus vir iets om te eet.

7. Waar speel die toneel hom af (= die ruimte)?

Dit speel in 'n kombuis af.

8. Bespreek kortliks die tyd en omstandighede wanneer die spotprent afspeel.

Die verwysing na inperking wys dat dit in die hede afspeel toe inperking as maatreël om die Corona-virus te bekamp, ingestel is en mense by hulle huise moes bly.

9. Hierdie spotprent steek die draak met die omstandighede in vraag 7, maar lewer ook op 'n subtiele (bedekte) wyse kommentaar oor die rolle van mans en vrouens in ons gemeenskap. Verduidelik hierdie stelling.

Die vrou is besig met allerhande huishoudelike take tegelyk terwyl die man net eet en drink. Sy kyk ook na haarself en is netjies versorg terwyl die man hoog oorgewig is.

10. Die muis in die linkerhoek lewer ook kommentaar: "Hy vat dit maar baie swaar." Dit is 'n woordspeling. Verklaar waarop die muis skimp.

Hy verwys na die man wat oorgewig is. (= swaar weeg)

11. Wat is die boodskap van die prent?

Die inperkingsmaatreëls het baie mense te veel laat eet sodat hulle gewig opgetel het.



## Hoër Volksskool Graaff-Reinet Afrikaans Huistaal Graad 9 Bladsy 2 van 3

### Memorandum: Volksverhale - Waarom skilpad se dop soos 'n legkaart lyk


1.1 Waar

1.2 Onwaar. Flamink se vere is pienk.

1.3 Waar

1.4 Onwaar. Visvanger is die eerste een wat kwaad geword het.

1.5 Onwaar. Die verhaal verduidelik waarom se dop vol knobbels is en soos 'n legkaart lyk. (Dit is dus die TEMA van die verhaal.)



2.1 Sade

2.2 Vis en paddas. (Paddaboudjies - 'n Reier eet eintlik paddas, maar in die verhaal word paddaboudjies genoem - dit sinspeel op die gereg wat in Frankryk en die Verre Ooste genuttig word en bydra tot die bedreiging van sekere paddasoorte.)

2.3 Vrugte

2.4 Vleis. (Eintlik kring of aas wat verrottende vleis is.)

3. Visvanger wil graag sien hoe 'n skilpad wat vlieg, lyk.

4. Skilpad het die voëls oortuig om vir hom vere te gee sodat hy saam met hulle na die jaarlikse Groot Feesmaal kon vlieg. Toe hy daar kom, sê hy sy naam is Almal-van-julle. Die kos wat voorgesit word, is elke keer bedoel vir "almal van julle" en sodoende vreet Skilpad alles op.

5. Toe die Groot Feesmaal verby is, sê hy: "Nou ja, volgende jaar maak ons weer so!" / Toe die Groot Feesmaal verby was, het hy gesê dat hulle die volgende jaar weer so sou maak.

6. .... loontjie. (Boontjie kry sy loontjie.) Dit beteken iemand wat iets verkeerd doen, spring nie sy straf vry nie.

### Memorandum: Prosa - Suurlemoen Hfst. 28 en 29

#### Hoofstuk 28

1. Sy het 'n goeie idee vir 'n plakkaat vir hulle optrede by die skool en wil dit met hom bespreek.

2. Haar plan is om die plakkate by die skool op te sit om hulle optrede te adverteer. Sy wil self die plakkate ontwerp.

3. Sy soek 'n foto van 'n suurlemoen om vir die plakkate te gebruik.

4. Sy maak 'n skets van wat sy in gedagte het.

5. Hy wil *Photoshop* gebruik.

#### Hoofstuk 29

1. Hulle het nie geweet hulle moes eers by mnr. Van Schalkwyk toestemming gekry het voordat hulle die plakkate opgesit het nie.

2. Dit gaan die volgende Maandagaand sewe-uur in die skoolsaal wees.

3. Hy wil hê hulle moet hulleself op band opneem sodat hulle kan hoor hoe hulle klink.

## Dinsdag 16 en Woensdag 17 Junie: Prosa: Volksverhale – Knol. Vlieënd

Platinum Leesboek bladsy 69. Jy kan twee dae aan hierdie storie en die vrae spandeer.

1. Ons gaan bietjie later in die jaar ook na 'n paar kortverhale kyk, maar vir eers kyk ons nog na volksverhale. In hierdie verhaal word 'n mite (wat mos deel van die volksverhaalgroep vorm) in 'n kortverhaal ingewef. Let op hoe die skrywer die mite in twee deel en op verskillende plekke daarop uitbrei. Lees eers die storie, bl. 69-76 en dan die opsomming op bl. 77. Aan die einde van die storie is daar Woordverklarings. Onthou, 'n mite is 'n storie waarmee mense in die ou tyd dinge in die wêreld om hulle probeer verklaar het. Hulle is metafories en simbolies en verbeeldingryk.



CREATED BY VECTORPORTAL.COM

Die oorspronklike Griekse woord het bloot "storie" beteken en vanuit hierdie stam kry ons dan die woorde mities ('n b.n.w. wat beteken versin of uit 'n mite bv. "Die mitiese monster Medusa"), mitologie ( die versameling van mites van 'n volk, bv. Die Griekse mitologie) en mitoloog - 'n persoon wat 'n kenner van mitologie is.

2. Doen dan die vrae 1 - 5 en 7 op bl. 77 en vrae 1 – 7 op bl. 78.

**LET WEL:** Die woord “antitese” in vraag 1 op bl. 78 beteken teenstelling.

## Donderdag 18 Junie : Poësie: Gedig – Wys my die plek (C. Louis Leipoldt)

Platinum Leesboek bl. 113.

Oor die digter: C. Louis Leipoldt (1880 - 1947) was een van ons vroeë Afrikaanse digters. Sy werk word vandag nog hoog aangeslaan en waardeer. Hy was veelsydig en hoogs intelligent.

Benewens digter was hy ook 'n skrywer, joernalis en mediese dokter. Hy is nooit getroud nie en dié gedig laat mens nogal wonder of hy 'n groot liefdesteleurstelling ervaar het.


1. Lees eers die gedig stadig deur en gee jouself kans om in te neem wat die digter sê. Lees hom dan 'n tweede keer.

2. Beantwoord dan vrae 2 en 3 van “Verstaan die gedigte” op bl. 115 en

3. Vrae 1 – 3 van “Letterkundige aspekte” ook op bl. 115. **Let wel**, rymskema (vraag 2) beteken die digter verwring 'n woord om by sy rymskema in te pas.

4. Doen ook die volgende addisionele vrae:

1. Wat merk jy op as jy die laaste versreël met die ander strofes se laaste reëls vergelyk? Wat probeer die digter daarmee sê?
2. Wat sou jy sê is die tema van die gedig m.a.w. waaroor handel die gedig?
3. Wat dink jy bereik die digter deur die herhalings in die onderskeie strofes?
4. Kies uit die volgende watter woorde jy dink die stemming van die gedig beskryf. (Daar is meer as een.)
  - A. Weemoedig (= hartseer)
  - B. Nostalgies (= verlange na dinge wat verby is)
  - C. Komies (= snaaks)
  - D. Satiries (= spottend)



5. As jy kan, gaan luister gerus na die gedig op YouTube as 'n liedjie deur Jannie du Toit gesing. ([youtube.com/watch?v=RAzhjybhvg](https://www.youtube.com/watch?v=RAzhjybhvg)).

**Vrydag 19 Junie : Prosa - Suurlemoen** Lees bl. 95 - 100 en doen dan die vrae oor hfst. 30 en 31.